# VAKATURE: UITVOERENDE BEAMPTE (PREDIKANT IN SINODALE DIENS) NOORDELIKE SINODE

Die Noordelike Sinode nooi bevoegde en geroepe leraars uit die kerkverband om aansoek te doen vir die pos van Uitvoerende Beampte – ’n bediening van geestelike leierskap, visie, strategie en diens. Hierdie rol bied die geleentheid om leiding te neem met die Sinode se roeping, gemeentes en ringe te bemagtig, en die bediening van leraars te ondersteun sodat God se teenwoordigheid in die wêreld sigbaar is.

**Aard van die pos**

Die Uitvoerende Beampte dien as die uitvoerende amptenaar van die Noordelike Sinode en werk in noue vennootskap met die Sinode, die Sinodale Diensraad (SDR) en die Moderatuur. Die rol vereis geestelike volwassenheid, strategiese insig en die vermoë om komplekse prosesse te bestuur. Die pos is gesetel by die Sinodehuis (330 Alpineweg, Lynnwood).

**Volledige besonderhede**

*Gebruik hierdie skakel* om ’n volledige uiteensetting van die pos se sleutelverantwoordelikhede, vereistes waaraan kandidate moet voldoen asook besonderhede oor die aansoekproses, te ontvang.

**Diensaanvaarding:** 1 Oktober 2026

**Sluitingsdatum:** 8 Mei 2026